

13 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 16:13-23
Fokusgedeelte: Matteus 16:18

Die Fondament van waarborg

Het jy al huis gebou? Enige goeie bouer sal vir jou sê dat alles by 'n huis van die fondament afhang. Indien jou huis met 'n stewige fondament gebou is, hoef jy nie bang te wees dat jou huis deur die water meegesleur sal word nie. Is jou fondament egter nie reg nie, of net gewoon op die sand sonder behoorlike bewapening gebou, dan loop jou huis gevaar om te kraak. In geval van groot oorstromings kan dit selfs deur die waters platgevee word.

Die fondament waarop die Here Jesus sy kerk bou, hang nou saam met die vraag na Hom: "Wie sê julle, is Ek?" Hierdie vraag was niks anders nie as 'n opvolgvraag op sy vraag: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? Elke mens word gekonfronteer met die vraag na Wie Hy is. Met hierdie vraag gaan dit oor meer as verstandskennis! Dit gaan oor geloofskennis. Dit gaan hier oor die verhoudingsvraag. 'n Belydenis- en toeëieningsvraag.

Die werk van God in Simon lê hierdie fondament waarop Hy sy kerk voortaan gaan bou! Dit gaan nie in die eerste plek oor 'n gebroke mens soos Simon en ons nie. Daarvoor is ons te wisselvallig en te veel die teiken van Satan se pogings om tussenbeide te tree en God se werk te verhinder.

Dit gaan oor die grondwerk wat God vir ons en in ons opbou! Net God die Vader kan deur sy Gees en Woord in Simon Petrus 'n belydenis lê wat die fondament, die rots, die Petra word waarop Hy sy gemeente bou!

Dié rots of fondament is die belydenis oor die Persoon van Jesus Christus as die Seun van die Lewende God. Slegs in Hom en deur Hom en op Hom bou God sy Kerk! Sy versoeningsoffer word die oorwinningsbasis waarop die kerk God se Koninkryk met woord en daad kan uitbou!

Is Hy as Persoon ook die fondament van waarborg vir sy gemeente vandag?

Sing: Skrifberyming 14-1:1-3 Ds. SFF van der Walt (Kathu/Olifantshoek)